

DIE TRUDIE KESTELL-MODESAAL

Marianna Botes

Die Nasionale Museum se uitstalling van historiese kleredrag is onlangs hernuwe.

Die nuwe modesaal op die eerste verdieping van die Museum beeld die veranderende modes gedurende die tydperk 1830 tot vandag uit. Die uitstalling is in dertien tydperke verdeel. Die besoeker kry 'n beeld van nie net die klere nie, maar ook skoene, hoede, juweliersware en ander bykomstighede wat gedurende elke tydperk gedra is.

Daar is besluit om die nuwe modesaal na Trudie Kestell te vernoem. Maar wie was Trudie Kestell en hoekom is die saal nou juis na haar vernoem?

Gertruida Anna (Trudie) Kestell, dogter van die bekende dr. J.D. Kestell (Vader Kestell), is op 9 September 1891 in Kimberley gebore waar haar vader predikant was. Hierna het die Kestell-gesin baie rondgetrek en onder andere in Harrismith, Ficksburg, Bloemfontein en Kaapstad gewoon. In 1920 keer die gesin na Bloemfontein terug. Trudie het by haar ouers gewoon en haar vader met sy werksaamhede gehelp. Ná sy dood in 1941 het sy 'n rukkie lank by familieledede gaan woon, maar toe weer teruggekeer na Bloemfontein, waar sy tot met haar dood op 1 September 1974 gewoon het.



Mej. Trudie Kestell tydens die Eeufees van Oktober 1938. Sy dra 'n Voortrekkerrok deur haarself vir die geleentheid ontwerp.

Trudie het heelwat gedoen om haar vader se persoonlike besittings, dokumente en boekery te bewaar. Sy boekery is aan die biblioteek van die Vrystaatse Universiteit geskenk. Talle van sy dokumente en onder meer die oorspronklike manuskrip van die Afrikaanse vertaling van die Nuwe Testament wat in 1933 verskyn het, word in die Kaapse Argiefbewaarplek bewaar.

Deur haar studie van die kleredrag van die Afrikaner en sy voorsate, het Trudie onder meer bevind dat die kleredrag van die Jan van Riebeeck-standbeeld in Kaapstad tot 'n later tydperk behoort as dié van die middel van die 17de eeu.

Gedurende die beplanning van die Simboliese Ossewatrek en die Eeufeesvieringe van 1938, het Trudie intensiewe navorsing oor die kleredrag van die Voortrekkers gedoen, met die doel om 'n histories-juiste volksdrag vir die Afrikaner daar te stel. Sy het 'n deeglike studie gemaak van Voortrekkerdrag in die versamelings van die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg en die Nasionale Museum in Bloemfontein en uitgebreide korrespondensie gevoer met persone wat kennis van Voortrekkerkleredrag gehad het. Sy het dan ook die kleredrag ontwerp vir die volkspelers wat in 1949 by die inhuldiging van die Voortrekkermonument opgetree het.

Met haar groot belangstelling in historiese kleredrag het Trudie 'n groot bydrae tot die kleredragversameling van die Nasionale Museum gelewer. Sy was dan ook dertien jaar lank, van 1961 tot 1974, ere-kuratriese van die kleredragversameling van die Museum.

Trudie het ook verskeie artikels en boeke oor Suid-Afrikaanse historiese kleredrag geskryf. Haar navorsingsresultate is in 1940 in die boekie *Ons volksdrag en iets oor die kleredrag van ons voorgeslagte* gepubliseer. In 1951 verskyn haar tweede boek: *Wat het hulle gedra?* Voor haar dood het sy ook 'n manuskrip van 'n boek oor die kleredrag vanaf Vasco da Gama se tyd tot 1920 voltooi.

Trudie Kestell het baanbrekerswerk t.o.v. die versameling, bestudering en beskrywing van

historiese kleredrag verrig. Dit is dus heel paslik dat die nuwe modesaal van die Nasionale Museum, wat teen die einde van September vanjaar geopen is, na haar vernoem is.



BIBLIOGRAFIE

SWART, M.J. (red.) 1989. *Afrikaanse Kultureel Almanak*. Johannesburg: F.A.K.
Die Volksblad, 3 September 1974.


PRAKTIKUMS

Die Nasionale Museum het 'n reeks PRAKTIKUMS (Biologiesie handleidings) beskikbaar wat nuttig gebruik kan word vir skoolprojekte. Die nuutste toevoeging tot die reeks is **BASIESE TAKSIDERMIE: MONTERING VAN VOËLS**.

Die reeks wat teen R1.00 elk te koop is bestaan uit:

- | | |
|----------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Nommer 1 | Basiese tegnieke in die biologie-klaskamer |
| Nommer 2 | Die versameling van ongewerwelde diere |
| Nommer 3 | Die versameling van insekte |
| Nommer 4 | 'n Identifikasiesleutel vir die filums en subfilums van ongewerwelde diere |
| Nommer 5 | Die versameling van werwel-diere |
| Nommer 6 | Die gebruik van kunshars en Latex-rubber by die inbed, uitstal en bestudering van dierlike orgaanstelsels |
| Nommer 7 | Die preparering van soogdier- en voelstudievelle, en die skoonmaak van skedels en skelette |
| Nommer 8 | Basiese taksidermie: Montering van voëls |

Uitstalling in die nuwe Voëlsaal nader nou voltooiing.





Tee vir bejaardes by Freshford

Die Departement Kultuurgeskiedenis van die Nasionale Museum bied weekliks 'n tradisionele teepartytjie vir inwoners van ouetehuse by Freshford-Huismuseum aan. Die bejaardes word op 'n begeleide toer deur die huis geneem en daarna geniet hulle 'n koppie tee en versnaperinge Pick 'n Pay Hipermark het geskenkbewyse ter waarde van R75-00 aan die Museum geskenk, ten einde die koste van die verversings te help dek.

PERSONALIA

NUWE PERSONEEL



*Agter v.l.n.r.: Mnr. V R. Strydom (Taksidermis), B. Haefele (Opsigter Raadsaal), J. Loubser (Argeoloog), L. Lotz (Tegnikus: Entomologie).
Voor v.l.n.r.: Mevv. S. Crampton (Kunshistorikus: Oliewenhuis), C. van Rensburg (Kunshistorikus: Oliewenhuis), A. Rall (Kuratriese. Freshford), M. Botes (Kultuurhistorikus), N. Labuschagne (Tikster), E. Visagie (Entomoloog)*